

# KONINKRYK.

# LES 29

<b>1</b>	<b>GEBED</b>
----------	--------------

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

<b>2</b>	<b>UITWISSELING</b> (20 minute) <b>[STILTETYE]</b> <b>SPREUKE 1, 3, 4 en 5</b>
----------	-----------------------------------------------------------------------------------

*Maak beurte en vertel/deel (of lees )kortliks* wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Spreuke 1, 3, 4 en 5). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

<b>3</b>	<b>MEMORISERING</b> (5 minute) <b>[GOD SE MAJESTEIT]</b> <b>(5) JEREMIA 32:17</b>
----------	--------------------------------------------------------------------------------------

*Repeteer* twee aan twee.

**(5) God is almagtig. Jeremia 32:17.** Ag, Here HERE! Sien, U het die hemel en die aarde gemaak deur U grote krag en deur u uitgestrekte arm. Niks is vir U te wonderlik!

<b>4</b>	<b>ONDERRIG</b> (85 minute) <b>[DIE GELYKENISSE VAN JESUS]</b> <b>DIE VRIEND WAT VOORBIDDING DOEN en DIE VOLHARDENDE WEDUWEE</b>
----------	-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

**“Die gelykenis van die vriend wat voorbidding doen” in Lukas 11:5-10  
en “die gelykenis van die volhardende weduwee” in Lukas 18:1-8 is gelykenisse oor  
VRYMOEDIG EN VOLHARDENDE GEBED IN DIE KONINKRYK VAN GOD.**

“n Gelykenis” is ’n aardse verhaal met ’n hemelse betekenis. Dit is ’n lewensgetroue verhaal of ’n illustrasie wat ontwerp is om ’n geestelike waarheid te leer. Jesus het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met die werklikhede van hul situasie en die noodsaak van hul verandering.

Ons bestudeer hierdie gelykenis m.b.v. die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse (Sien handleiding 9, supplement 1).

## A. DIE GELYKENIS VAN DIE VRIEND WAT VOORBIDDING DOEN

*Lees* Lukas 11:1-10.

### **1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.**

**Inleiding.** Die gelykenis word met figuurlike woorde vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

**Besprek.** Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

**Aantekeninge.** Jesus vertel die verhaal in die vorm van ’n vraag. Die vraag wat Hy stel en die situasie wat Hy beskryf staan in vers 5-7, met nadruk op vers 7. Die antwoord gee Jesus in vers 8.

**Die verhaal gaan oor drie vriende.** Ten einde tussen hierdie drie vriende te onderskei, noem ons hulle respektiewelik: “die behoeftige vriend”, “die biddende vriend” en “die ryk vriend”.

**Die versoek van die gasheer of die biddende vriend.** Die is laat in die nag. Onverwags kom ’n behoeftige vriend aan sy deur. Hy is op ’n lang reis, is moeg en honger. Hy verwag gasvryheid, voedsel en ’n bed om in te slaap. Maar die gasheer wat later die biddende vriend word, verwag geen gaste nie. Hy is heeltemal onvoorbereid en het niks in huis om aan te bied nie. In sy haglike posisie gaan hy na die huis van sy ryk vriend en vra om aan hom drie brode te leen wat hy die volgende dag sou vervang. Op hierdie punt word die gasheer ’n biddende vriend.

**Die moontlike antwoord van sy ryk vriend.** Sou sy ryk vriend hom ’n negatiewe antwoord gee? Sy ryk vriend het al sy huis se deur gesluit en lê al met sy familie op slaapmatte op die grond en slaap. As hy sou opstaan, moes hy oor sy kinders in die donker loop en die swaar slot van die deur ontgrendel. Die lawaai sou almal uit hul slaap wakker maak.

Sou sy ryke vriend sê, “Dit spyt my, maar ek kan jou NIKS gee nie!” of “Ek kan nie dit NOU vir jou gee nie!” In die gewone lewe op die aarde is so ’n vriend miskien aarselend of onwillig om te gee wat nodig was.

**Die drie brode.** Hierdie brode was plat ronde pannekoeke, presies genoeg vir een maaltyd.

---

## **2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.**

**Inleiding.** Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* waaronder die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

**Ontdek en bespreek.** Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

**Aantekeninge.**

### **(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Lukas 11:1-4.**

Een van die dissipels van Jesus Christus het aan Jesus gevra om hulle te leer hoe om te bid. Toe leer Jesus hulle “die Ons Vader” gebed. In vergelyking met die Ons Vader gebed in Matteus 6:9-13 is die Ons Vader gebed in Lukas 11:2-4 korter. Die derde en sesde petisies in die Matteus Evangelie is ingesluit in die tweede en vyfde petisies in die Lukas Evangelie. Waarskynlik het Jesus die Ons Vader gebed op verskillende geleenthede aan mense geleer. Sy bedoeling was nie dat Christene presies hierdie selfde woorde in hul gebede sou gebruik nie. Die Ons Vader gebed dien as ’n model vir Christene om te bid.

Op hierdie punt vertel Jesus die gelykenis van die biddende (smekende) vriend.

### **(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Lukas 11:5-7.**

### **(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Lukas 11:8-13.**

Die geïmpliseerde antwoord van Jesus staan in vers 7, “Sou hy afgewys word as hy sy ryk vriend om hulp vra!” Die werklike antwoord van Jesus staan in vers 8. “Die ryk vriend sal verseker opstaan en sy biddende vriend gee soveel hy nodig het.” Sy motief was miskien dat hy ’n ware en simpatieke vriend vir sy biddende vriend wil wees. Maar selfs as dit nie so was nie, sou hy tog opstaan en hom gee soveel hy nodig het, juis omdat sy biddende vriend nie ophou om hom te vra nie!

Sien vir die uitleg van Lukas 11:9-13 handleiding 11, supplement 9, “Die gelykenis van die vraende seun.” Jesus sê, Bly (Hou aan) vra!” “Bly soek!” “Bly klop!” Alle drie werkwoorde is bevele in die onvoltooide teenwoordige tyd! Hulle druk aanhoudende en volhardende gebed uit! So benadruk Jesus die effektiwiteit van gebed. Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is dat God die Vader sy kinders nooit teleur sal stel wanneer hulle bid nie! Hy sal gebede wat vergesel word deur aanhoudende soek en volhardende klop, dit wil sê, deur geloof wat handel en volhard, sekerlik beantwoord!

---

## **3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.**

**Inleiding.** Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in ’n gelykenis noodsaaklik ’n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van ’n gelykenis versterk die sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van ’n gelykenis ’n geestelike betekenis toeskryf nie!

**Ontdek en bespreek.** Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

**Aantekeninge.** Jesus lê alleen een detail van hierdie gelykenis uit en dit gaan oor die vrymoedigheid en volharding van die biddende vriend.

**Die drie vriende is relevante details.** Hierdie drie vriende illustreer wat daar by gebed gebeur. “Die behoeftige vriend” verteenwoordig ’n mens met ’n spesifieke behoefte of nood, veral die onverwagte nood van mense wat God op jou weg plaas! “Die biddende vriend” verteenwoordig die Christen. Hy is die enige wat gewillig is om ’n vriend in die middel van die nag te wees. Hy is die Christen wat vir ander sorg wanneer alle ander mense slaap. En “die ryk vriend” verteenwoordig God die Vader, maar met een groot verskil: die motief van die ryk vriend in die gelykenis is van ’n gewone mens wat miskien geen lus het om sy biddende vriend te help nie, maar die motief van God is nooit bedenklik (twyfelagtig) nie!

**Die vrymoedigheid van die biddende vriend is ’n relevante detail.** Dit is die enigste detail wat Jesus Christus uitlê. Dit word in die verhaal van die gelykenis geïmpliseer, maar is veral ’n deel van die toepassing van Jesus. “Skaamteloosheid” (ANV: omdat hy hom nie skaam om aan te hou vra nie) beteken onbevreesde vrymoedigheid, oortuigde aandrang en skaamtelose volharding. Weereens is dit duidelik dat ’n gelykenis slegs een sentrale gedagte of belangrike boodskap het. Die belangrike boodskap is dat God die Vader die vrymoedige en volhardende gebede (voorbidding) van Christene sal beantwoord! Alle ander details in die verhaal versterk hierdie boodskap!

---

#### **4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.**

**Inleiding.** Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitlê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitlê. 'n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.

**Bespreek.** Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

**Aantekeninge.**

**Die gelykenis van die vriend wat voorbidding doen in Lukas 11:5-13 gaan oor “vrymoedige en volhardende gebed in die koninkryk van God.”**

**Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Selfs 'n vriend op hierdie aarde sal, ongeag sy motiewe, jou help as jy hom om hulp vra. Maar jou Vriend in die hemel, van wie die motiewe bo verdenking staan, sal altyd vrymoedige en volhardende gebede (voorbidding) beantwoord!”**

**Vers 8 sê, “Om sy onbeskaamdheid sal hy hom soveel gee as wat hy nodig het.” Die woord “skaamteloosheid” (Grieks: anaideian) kan die beste vertaal word met onbevreesde vrymoedigheid, oortuigende aandrang en skaamtelose volharding. Dit beteken om iets spesifiek van God te vra sonder om jou te skaam of sonder om bang te wees om afgewys te word”.**

Vrymoedige en volhardende gebed (voorbidding) is een van die grondliggende kenmerke van God se koninkryk! Die ware burgers in God se koninkryk bid en doen voorbidding met onbevreesde vrymoedigheid, oortuigende aandrang en skaamtelose volharding (Hebreërs 4:16).

Maar as ons voorbidding doen, sal ons ontdek dat daar moeikhede en vertraging in God se antwoorde is. Dit lyk dan asof God sê, “Ek kan jou NIKS gee nie!” of “Ek kan dit nie NOU vir jou gee nie!” As dit gebeur, is dit nie maklik nie om vas te hou aan die oortuiging dat God jou gebede hoor en verhoor. Dan word ons geloof op die proef gestel ten einde volharding te leer.

Soos Abraham in Romeine 4:20-21 moet jy dan nie deur ongeloof in God se belofte gaan twyfel nie. Ten volle oortuig dat God ook magtig is om te doen wat Hy belof het, moet jy vra en bly vra. Dit is wat God van jou verwag. God stel so 'n hoë vertroue in jou dat Hy alles sal doen (of toelaat) om jou geloofsvertroue in Hom te oefen. Geseënd is die Christen wat nie opgee as God met sy antwoord wag, of stil bly en klaarblyklik weier om te antwoord. Geseënd is die Christen wat glo dat God doen wat Hy belof het. So 'n geloof volhard, as dit nodig is met skaamtelose vrymoedigheid en volharding. Hy kan nie faal om te ontvang soveel as wat hy nodig het nie!

---

#### **5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.**

**Inleiding.** Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

**Ontdek en bespreek.** Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

**Aantekeninge.**

##### **(1) Bid vrymoedig en met oortuiging.**

**Lees** Hebreërs 4:16. “Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na tot die genadetron, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.” Alle Christene mag vrylik en met vrymoedigheid tot God nader. Daar ontvang hulle barmhartigheid vir hul probleme en genade vir hul sonde. Daar kry hulle hulp presies op die tydstip wat hulle dit nodig het (sien ook Hebreërs 11:6)!

##### **(2) Moenie onnodig baie woorde bid nie.**

**Lees** Matteus 6:7. Jesus Christus waarsku Christene om nie met 'n groot omhaal van woorde soos die heidene te bid nie. Dit is nie die veelheid van woorde en ook nie die krag waarmee woorde in gebede uitgespreek word wat 'n effek het nie. Wat belangrik is, is dat ons min woorde uitgespreek word in die geloof dat God hoor en die gebed op sy tyd en wyse sal verhoor.

---

#### **6. Maak 'n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.**

**Bespreek.** Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?

**Aantekeninge.** Die gelykenis van die biddende vriend leer ons 'n aantal belangrike waarhede by voorbidding.

**(1) Die vriend wat voorbidding doen moet die dringende nood sien.**

Voorbidding begin by die sien van die behoefte of nood van 'n ander. Die behoefte vriend was honger, maar het niks gehad om te eet nie. Hy kon ook niks koop nie, want die winkels was in die nag gesluit. As ons wil leer hoe om vir ander mense voorbidding te doen, moet ons eers ons oë en harte opmaak vir die behoeftes om ons heen.

Miljoene mense lewe in die duisternis van die sonde, onkunde en onverskilligheid. Hulle gaan verlore deur 'n gebrek aan kennis oor die verlossing wat in Jesus Christus is. Baie van hulle is sosiaal uitgesluit, ekonomies arm, emosioneel gebroke, intellektueel ongeletterd en fisies siek. Hulle is ondervoed, vergete, vervolgt, lewe sieklik en vrugteloos, netsoos skape sonder 'n herder. Baie van hulle woon in die stede, dorpe en woonbuurte om ons heen. Niks behalwe gebed tot God alleen om hulp kan nog baat!

**(2) Die vriend wat voorbidding doen moet die behoefte vriend onselfsugtig liefhê.**

Die gasheer word later 'n biddende vriend. Hy ontvang sy behoefte vriend in sy huis en in sy hart. Hy maak geen verontskuldigings soos, "Ek het niks om jou te gee nie!" Nee, in die diepste van die nag, toe almal slaap en alle winkels gesluit is, gaan hy daarop uit om hulp te soek. Hy offer sy slaap, gemak en warm huis op. Hy verloën homself (Lukas 9:23). Sy liefde was nie selfsugtig nie, maar selfopofferend (1 Korintiërs 13:5). Die christelike liefde vergeet van homself ter wille van die ander. Die christelike liefde maak die behoeftes van ander tot eie saak. Die christelike liefde leef en sterf vir ander, presies soos Jesus Christus dit gedoen het. Die gebrek aan christelike liefde veroorsaak dikwels die tekortkomings in die gebede van Christene. Die ware christelike liefde moet bid en sal bid!

**(3) Die vriend wat voorbidding doen moet sy eie onvermoë om te help aanvoel.**

Die biddende vriend was wel gewillig om te help, maar hy besef dat hy *niks het om te gee nie!* Hy het nog die middele, nog die krag om te gee. Hy self kom in 'n situasie van armoede en onmag! Dit is juis hierdie besef dat jyself nie werklik kan help nie, wat jou daartoe dryf om te bid en te smeek! Hy erken sy armoede en onmag, "Ek het 'n behoefte vriend en niks om aan hom voor te sit nie!" Juis hierdie besef maak bid en voorbidding sterk. Alleen die oortuiging dat die bonatuurlike mag van God nodig is om mense van sonde, dood en oordeel te red, sal 'n Christen aanspoor om voorbidding te doen. Die besef dat alles wat ons kan doen volkome onvoldoende is, dat alleen God die nuwe lewe en groei kan skenk, spoor die Christen aan om hierdie dinge van God af te smeek. Voorbidding was die enigste hoop om nog hulp te vind en die enige manier om nog sy liefde vir sy vriend uit te druk. Dit is 'n *waarskuwing* vir Christene wat dink dat hulle in hul eie krag en wysheid kan werk. Tegelyk is dit 'n *bemoediging* vir Christen werkers wat hul swaakheid en tekortkomings aanvoel. Die mees eenvoudige en swak Christen kan die seëninge van die Almagtige God afsmeek.

**(4) Die vriend wat voorbidding doen moet glo dat sy ryk vriend sal help.**

Wat die biddende vriend nie gehad het nie, kon sy ryk vriend gee! Die biddende vriend het 'n ryk vriend digby woon, waarvan hy weet dat hy nie alleen kan gee wat nodig is nie, maar ook gewillig is om te gee wat nodig is. Hy weet dat hy alleen maar moet vra en hy sou ontvang. Daarom gaan hy ook in die diepste van die nag na sy ryk vriend om brood te vra. Hierdie ryk vriend is niemand anders as ons Almagtige God nie. Hy is naby en hoor en verhoor alle gebede in ooreenstemming met sy wil. Hy kan en is gewillig om te help! Die Bybel staan vol beloftes dat God gebed hoor en dat God kan en wil gee wat ons nodig het. Ook die tallose getuigenisse van Christene spoor ons aan te glo dat wat ons onmoontlik kan doen vir behoefte mense, God kan en sal doen in antwoord op onse gebede (vorbidding).

**(5) Die vriend wat voorbidding doen moet vrymoedigheid en volhardend bid.**

Die biddende vriend vra sy ryk vriend, "Vriend, leen my drie brode!" *Maar die geloof van die biddende vriend loop teen 'n onverwagte teenslag aan:* sy ryk vriend weier om hom te help! Hy sê, "Moet my nie lastig val nie! Die deur is al gesluit en my kinders is in die bed. Ek kan nie opstaan om dit vir jou te gee nie." Hoe weinig kon die biddende vriend met hierdie teleurstelling rekening hou! Maar die biddende vriend besluit om met hierdie teëslag nie op te gee nie! Daarom hou aan hy vra: "Ek het 'n vriend in nood. Ek kan hom niks gee nie. Jy kan hom wel gee. Ek is jou vriend. Asseblief help my!" Die biddende vriend het geweier om afgewys te word. Hy gaan steeds met groter vrymoedigheid en vasberadenheid bid. Hy bly op die deur van sy ryk vriend klop en weier om te stop met die vra om hulp! Die liefde van die biddende vriend vir sy behoefte vriend moet wen!

**(6) Die vriend wat voorbidding doen weet dat teleurstelling onmoontlik is!**

Jesus sê, "Ek sê vir julle: Al sou hy nie opstaan en dit vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog opstaan en hom alles gee wat hy nodig het, omdat hy hom nie skaam om aan te hou vra nie." As ons Christene maar geglo het in God se trou, dan sou voorbidding om hulp vir ander mense die laatste wees waarvoor ons geen tyd het nie! Voorbidding is harde werk, maar ook hoopvolle en vreugdevolle werk, omdat solank ons voorbidding doen, ons weet dat God op sy tyd sal antwoord. Teleurstelling is onmoontlik, omdat Jesus sê dat "Hy hom soveel sal gee as wat hy nodig het." Die tyd wat aan die gebed gewy word, sal veel meer opbrengs lewer as om die tyd alleen aan werk te gee! Gebed maak jou werk die moeite werd en meer vrugbaar! Gebed maak die weg vir God oop om sy werk tegelyk in ons en deur ons te doen. Gebed waarborg dat God met sy teenwoordigheid en krag met ons saamgaan! Die geheim van vrugbaar werk is om allereers van God te ontvang en dan deur te gee aan ander. Die verbinding tussen ons onmag en God se almag is gebed (vorbidding)!

**Gevolgtrekking.** Die kenmerke van 'n ware voorbidder is dus:

- 'n kennis van die behoeftes en nood van die ander;
- christelike liefde om iets aan die nood te doen;

- 'n besef dat jyself nie instaat is om hierdie nood te lenig nie;
- geloof dat die Almagtige God instaat is en gewillig is om gebed (voorbidding) te beantwoord;
- moed om met gebed (voorbidding) te volhard ten spyte van moeilikhede;
- en die sekerheid dat God op die juiste tyd sal antwoord.

## B. DIE GELYKENIS VAN DIE VOLHARDENDE WEDUWEE

*Lees* Lukas 18:1-8.

### 1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

**Bespreek.** Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

**Aantekeninge.**

**Die regter.** Regters het hul funksie meer waarskynlik in stede uitgeoefen as op die platteland. Hierdie regter was teen God en ook teen die mense: hy het God nie gevrees nie en het geen ontsag vir ander mense gehad nie. Hy het slegs homself belangrik gevind. Hy het nooit die vraag gestel: “Wat wil God hê dat ek doen?” of “Wat keur mense goed of nie?” Hy was regter, maar sonder liefde vir die reg en sonder simpatie vir onbevoorregte en verdrukte mense.

**Die weduwee.** In die Bybel is “die weduwee” ’n beeld vir hulpelose verdrukte mense, vir onbevoorregte mense.

**Die konfrontasie.** Teen hierdie weduwee is onreg gepleeg. Miskien het iemand haar beroof. Of miskien het iemand iets wat haar toegekom het, misken. Sy het na die regter gegaan en gehoop dat hy aandag aan haar saak sou gee. Maar hierdie regter het geweier om homself met haar saak te bemoei. Waarskynlik omdat sy hom nie kon betaal nie. Sy het teleurgestel huistoe gegaan, want sy het geweet dat haar saak regverdig was.

**Die volharding van die weduwee.**

Klaarblyklik het die regter geweet dat haar saak regverdig was. Maar hy het ook geweet dat sy hom geen omkoopgeld kon gee en ook dat sy nie ’n belangrik mens in die stad was nie. Later het die weduwee nog ’n slag geprobeer, maar weer sonder enige resultaat. Tog het sy geweier om op te gee! Sy het keer op keer na die regter gegaan en gepleit dat reg aan haar gedoen sou word. Uiteindelik het die regter siek en moeg geword van al haar gesoebate en tot homself gesê, “Hoewel ek God nie vrees nie en geen mens ontsien nie, tog sal ek aan haar reg doen, omdat hierdie weduwee my lastig val, sodat sy uiteindelik nie kom en my in die gesig slaan nie.” Hy het uiteindelik voor al haar gesoebate geswig. Wat hom uiteindelik oorwin het was haar *volharding!*

### 2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

**Ontdek en bespreek.** Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

**Aantekeninge.**

**(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Lukas 17:20-37 en Lukas 18:1.**

Jesus het juis sy dissipels vertel oor die lang en moeilike periode voor sy wederkoms. In plaas van om moedeloos te word, moes die dissipels volhard in gebed. Jesus het hierdie gelykenis vertel met die oog daarop dat mense altyd moet bid en nie moed moet verloor nie.

**(2) Die verhaal van die gelykenis staat in Lukas 18:2-5.**

**(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staat in Lukas 18:6-8.**

### 3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

**Ontdek en bespreek.** Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

**Aantekeninge.**

Jesus gee aan geen detail ’n besonder betekenis nie.

**Die onregverdige regter.** Die onregverdige regter en God is presies teenstellings van mekaar. Die onregverdige regter het vir niemand behalwe homself omgee nie, maar God gee om vir alle mense, veral vir mense wat in Hom glo! Die onregverdige regter het sy uitspraak maar bly uitstel (in die hoop dat hy ’n omkoopgeskenk sou ontvang), maar God sal vinnig reg laat geskied aan gelowiges!

Jesus Christus gebruik die beeld van ’n *onregverdige* regter juis om die kontras met die *regverdige* God te vergroot! Hy benadruk die absolute sekerheid dat God gebede sal beantwoord! Hy bemoedig Christene om te glo dat God op sy eie tyd elk gebed sal beantwoord!

**Die volharding van die weduwee.** Jesus het gesê, “Sy het voortdurend na hom toe gekom” met die versoek dat reg teenoor haar teëparty gedoen word. Op hierdie onderdeel lê Jesus die nadruk. Vers 1 sê dat Jesus hierdie gelykenis vertel het “om duidelik te maak dat ’n mens moet aanhou bid sonder om moedeloos te word.” “Die weduwee” vertegenwoordig “uitverkorenes (Christene) wat dag en nag tot tot Hom roep” (vers 7).

“Dat sy die onregverdige regter voortdurend lastig val” verteenwoordig vrymoedige en volhardende gebed! Dit is nie vrymoedigheid en volharding in gebed wat tot meer geloof lei nie, maar juis geloof in ’n God wat regtig bestaan en na gebede luister en hulle beantwoord wat tot vrymoedige en volhardende gebed lei! In hierdie gelykenis teken Jesus die kontras in karakter tussen ’n regverdige, liefdevolle en almagtige God in die hemel enersyds en ’n slegte, selfsugtige en na verhouding onmagtige regter op die aarde.

Daarom vra Jesus of Hy wel nog geloof op die aarde sou vind, naamlik die geloof dat God in die hemel volkome anders is as hierdie aardse regter! En die geloof dat God met spoed reg sal doen aan ’n Christen wat met vrymoedigheid en volharding tot Hom bid. Hierdie geloof druk homself uit in vrymoedige en volhardende gebed! Jesus wil dat elke Christen homself afvra of hy wel hierdie geloof het; of hy wel glo dat God met spoed sal optree as hy vrymoedig en volhardend bly vra.

---

#### **4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.**

*Bespreek.* Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

*Aantekeninge.*

**Die gelykenis van die volhardende weduwee in Lukas 18:1-8 gaan oor “vrymoedige en volhardende gebed in die koninkryk van God.”**

**Die belangrike boodskap van die gelykenis is die volgende: “Selfs ’n onregverdige, selfsugtig en na verhouding onmagtige regter op die aarde kan op die lange duur beweeg word om reg te doen teenoor ’n onbeduidende teëparty. Die volmaakte regverdige, liefdevolle en almagtige God in die hemel kan, wil en sal met veel groter spoed reg doen aan Christene wat met vrymoedigheid en volharding bid!”**

Sal die regverdige, liefdevolle en almagtige God dan bly uitstel om reg te doen aan sy uitverkorenes (Christene) soos die onregverdige regter dit gedoen het? Nee! sê Jesus. God sal die teenoorgestelde doen en met spoed reg doen! Hierdie waarheid sou die geloof van Christene geweldig moet bemoedig! God sal beslis en seker met spoed die gebede van Christene verhoor wat vrymoedig en volhardend bid (sien Hebreërs 11:6)!

Jesus beëindig hierdie gelykenis met ’n toepassing in die vorm van ’n uitdagende vraag. Die vraag word gestel, nie om hieroor te spekuleer nie, maar om Christene te beweeg tot selfondersoek. “Maar sal die Seun van die mens by sy koms nog geloof op die aarde vind?” Hy verwys na die geloof dat God vrymoedig en volhardend gebed beslis en seker sal beantwoord. Sy dissipels moes hulself afvra of hulle hierdie waarheid wel werklik geglo het.

Vrymoedige en volhardende gebed (voorbidding) is een van die grondliggende kenmerke van God se koninkryk. Die ware burgers in God se koninkryk bid met onbevreesde vrymoedigheid, oortuigde aandrag en skaamtelose volharding.

---

#### **5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.**

*Ontdek en bespreek.*

##### **(1) Hoe vergelyk hierdie Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?**

*Lees* Eksodus 22:22-23; Deuteronomium 10:17-18; Psalm 68:6.

As mense onbevoorregte mense soos weduwees en wese uitbuit en hulle roep tot God, dan sal God hul hoor en optree! God wat magtig en ontsagwekkend is, wat nie partydig is en geen omkoopgeskenk in ontvangs neem nie, verskaf reg aan die wees en die weduwee! Op hierdie selfde wyse sal God sorg vir Christene wat vrymoedig en volhardend bid!

##### **(2) Wie is God se uitverkorenes?**

*Lees* Jeremia 31:3; Lukas 10:20; Johannes 6:44,37; Handeling 13:48; Romeine 8:28-30; 9:6-21; 11:1-8; Efesiërs 1:4; 2 Tessalonisense 2:13-14; 2 Timoteus 1:9-10; 1 Petrus 1:1-2; 2:4-10; Openbaring 7:3; 13:8.

“God se uitverkorenes” is ’n titel vir ware gelowiges in Jesus Christus. God sal sy uitverkorenes nooit in die steek laat nie! Voor die grondlegging van die wêreld het God hul al op soewereine wyse uitgekies (voorbested) tot verlossing, tot sy diens en tot sy heerlikheid. Hy het hul lief met ’n ewige liefde. Daarom sal Hy ook sorg dat hulle in die gelyk gestel sal word! Hy sal hul vrymoedige en volhardende gebede beantwoord en reg aan hulle verskaf.

##### **(3) Watter soort beloftes sal die Here vervul in die eeue (tyd) voor sy wederkoms?**

*Lees* Psalm 34:18-19; Jesaja 43:2; Romeine 8:28; 1 Korintiërs 10:13; 2 Korintiërs 4:17.

Die Here sal hulle uit al hul benoudhede red, by hulle wees wanneer hulle deur oorstromende riviere en felle brande gaan. Al hulle omstandighede sal Hy ten goede keer. Hy sal nie toelaat dat hul bo hul vermoë versoek of beproef word nie, maar steeds ’n uitweg uit alle verleidings en vervolgings gee. Hul ligte verdrukking sal van korte duur wees en ’n allesoortreffende ewige gewig van heerlikheid teweegbring. Daarom moet Christene vrymoedig en volhardend bid.



## **C. 'N SAMENVATTING VAN DIE BELANGRIKSTE ONDERWYSINGS OF LESSE VAN DIE GELYKENISSE OOR VRYMOEDIGE EN VOLHARDENDE GEBED IN GOD SE KONINKRYK**

**Bespreek.** Wat leer Jesus Christus ons *te weet, te glo, te wees of te doen* in die gelykenisse oor vrymoedige en volhardende gebed?

**Aantekeninge.** Die Here Jesus Christus beskou vrymoedige en volhardende gebed as so belangrik dat Hy in die Bybel drie gelykenisse daarvoor vertel:

- “die gelykenis van die vraende seun” in Matteus 7:7-12
- “die gelykenis van die biddende vriend” in Lukas 11:5-8
- “die gelykenis van die volhardende weduwee” in Lukas 18:1-8.

In hierdie gelykenisse leer Hy dat bid (voorbidding) nie maklik is nie en dat ons moeilikhede moet verwag, wat alleen deur vrymoedige, standvastigheid en vastberade volharding oorwin kan word. As Christene bid, moet hulle moeilikhede verwag.

### **(1) Daar bestaan 'n moeilikheid met betrekking tot gebed van ons kant.**

Ons moeilikheid met betrekking tot gebed word in Jesaja 59:1-2 saamgevat, “Dit is julle ontredinge wat skeiding tussen julle en julle God maak, dit is julle sondes wat maak dat Hy Hom nie aan julle steur nie.” As gevolg van bepaalde sondes wat tussen ons en God in staan, word bepaalde gebede nie verhoor nie. Die moeilikheid met betrekking tot gebed lê dan by die bidder!

'n Ander moeilikheid met betrekking tot gebed staan in “die gelykenis van die vraende seun” in Matteus 7:7-12 (sien Handleiding 11, supplement 9). Hoewel God meer as gewillig en in staat is ons te gee wat ons nodig het, staan ons gebrek om te bid (vra), te handel (soek) en te volhard (klop) tussen ons en God. Die moeilikheid met betrekking tot gebed lê dan ook by die bidder! “Julle kry nie, omdat julle nie bid nie” (Jakobus 4:2).

### **(2) Daar bestaan 'n moeilikheid met betrekking tot gebed van die kant van die wêreld.**

In Efesiërs 6:12 staan geskryf: “Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.” Die moeilikheid met betrekking tot gebed lê dan by die kwaad in die wêreld. Daar is ook moeilikhede in die hemelse geweste (Grieks: epouranios), hier die woonplek van bose geeste. Ook hulle moet oorwin word (sien Daniël 10:12-13; Markus 9:25-29).

### **(3) Daar bestaan ook 'n moeilikheid met betrekking tot gebed van die kant van God.**

In die gelykenis van die biddende vriend en die gelykenis van die volhardende weduwee, maak Jesus Christus duidelik dat daar met betrekking tot die beantwoording van gebede (voorbidding) ook 'n moeilikheid lê aan die kant van “die ryk vriend” of “die onregverdige regter” wat onwillig is om te help. Die moeilikheid met betrekking tot gebed lê dan by God! Jesus maak 'n onderskeid tussen hierdie onvolmaakte voorbeelden (die ryk vriend en die onregverdige regter) en die volmaakte God ten einde Christene aan te spoor om te glo dat vrymoedige en volhardende gebed moeilikhede kan oorwin.

Maar ons moeilikheid met betrekking tot bid word tegelyk God se moeilikheid om te antwoord. Sy wysheid, sy geregtigheid en sy liefde durf ons niks te gee wat ons kan skaad as ons die antwoord van God te gou of te gemaklik sou ontvang nie. Sonde en die gevolge van die sonde maak dit dikwels onmoontlik vir God om gebede te beantwoord of dadelik te beantwoord (Psalm 66:18; Jakobus 4:2-3). Om deur die mag van die sonde in ons eie lewe (Psalm 32:1-5) of in die lewens van die mense vir wie ons bid (Daniël 9:1-23) heen te breek, is die rede waarom stryd in gebed so 'n groot realiteit is (Kolossense 4:12-13). Wanneer ons met God pleit om hierdie bekende of onbekende obstruksie te verwyder, sal ons vrymoedige en volhardende gebede ons in 'n toestand van gebrokenheid en hulpeloosheid voor God bring (Psalm 51:1-17). Ons breuk met elk bekende sonde, ons overgawe aan God, ons instemming met God se wil met ons hele hart en siel en ons groeiende geloof om God se beloftes vas te gryp, verwyder tegelyk die hindernisse van ons kant en die hindernisse van God se kant. Na die mate dat God ons oorwin, oorwin ons in ons gebede. God seëvier in ons en ons seëvier in gebed!

### **(4) Die weldade van vrymoedige en volhardende gebed is baie groot.**

Miskien dink ons dat God se eis dat ons vrymoedig en volhardend moet bid onredelik of minstens onbegryplik is. Maar ook in die liggaamlike lewe ontwikkel oefening spiere, harde werk volharding en moeilikhede karakter. In die intellektuele lewe ontwikkel die oorwinning van intellektuele probleme insig en wysheid. Onse hoogste verworpenhede (prestasies) word bereik deur ons moeilikhede te oorkom.

In die geestelike lewe is dit ook so. As ons slegs (in gebed) hoef te vra en dadelik sou ontvang, sou ons verlies ly. Die moeilikhede in ons eie lewens, die moeilikhede wat lewens van mense vir wie ons bid en die moeilikhede in die hemelse geweste roep ons tot vrymoedige en volhardende gebed. Dit is in hierdie volhardende stryd in gebed dat die hemelse seëninge verborge lê.

In ons stryd in gebed ontdek ons pas hoe min ons ons verlustig in God, hoe min geloof ons het en hoe min ons God die Heilige Gees toelaat om ons lewe te beheers. Juis in volhardende gebed leer ons ons swakhede, tekortkomings en onwaardigheid ken. In volhardende gebed word ons eie wil, krag en goedheid gekruisig. Maar in volhardende gebed leer ons ook God se genade ken om te lewe tot God se eer, om God se beloftes te glo en op God se krag te vertrou. So

word ons moeilikhede in gebed juis ons grootste voorreg, omdat die moeilikhede wat overwin word ons die rykste seëninge bring!

<b>5</b>	<b>GEBED</b> (8 minute)	<b>[REAKSIES]</b> <b>GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD</b>
----------	-------------------------	---------------------------------------------------------------

*Bid saam* met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

<b>6</b>	<b>VOORBEREIDING</b> (2 minute)	<b>[OPDRAGTE]</b> <b>VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS</b>
----------	---------------------------------	--------------------------------------------------------

*Deel* die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die gelykenis van “die vriend wat voorbidding doen” en die gelykenis van “die volhardende weduwee” saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **Spreuke 6, 7, 8 en 10**. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. **Herhaal daagliks reeks K “Die majesteit van God”** wat jy uit jou hoof geleer het. (1) God is onvergelykbaar: Jesaja 40:25-26, (2) God is majestueus: 1 Kronieke 29:11, (3) God is soewerein: Efesiërs 1:11-12. (4) God is alwetend: Hebreërs 4:13, (5) God is almagtig: Jeremia 32:17.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. **Romeine 8:1-17**. Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.